

Titel: Sien sonder oë, hoor sonder ore
Pastoor: Paul Bruwer
Datum: 10 Augustus 2008
Time: 19h15



Sy goedertierenheid

Psalm 130:3-4

³ As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan? ⁴ Maar by U is vergewing, dat U gevrees mag word.

Sy heerlikheid

Hebreërs 12:29

²⁹ Want ons God is 'n verterende vuur.

Levitikus 10:1-3

¹ En die seuns van Aäron, Nadab en Abihu, het elkeen sy vuurpan geneem en vuur daarin gegooi en reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die aangesig van die HERE gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie. ² Daarop het daar vuur van die aangesig van die HERE uitgegaan en hulle verteer, en hulle het gesterwe voor die aangesig van die HERE. ³ Toe sê Moses vir Aäron: Dit is dit wat die HERE gespreek het deur te sê: In die wat naby My is, wil Ek My as die Heilige laat ken, en voor die oë van die hele volk wil Ek My verheerlik. Maar Aäron het stilgebly.

Sy geregtigheid

Mattheus 5:6

⁶ Salig is die wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal versadig word.

Vrees van die Here

a) Wandel daarin

I Petrus 1:13-16

¹³ Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus. ¹⁴ Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie. ¹⁵ Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, ¹⁶ omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.

b) Sy verborgenhede

Psalm 25:14

¹⁴ Die verborgenheid van die HERE is vir die wat Hom vrees, en sy verbond om hulle dit bekend te maak.

c) Hy is die Beloning (Beloner)

Psalm 34:9-10

⁹ Vrees die HERE, o sy heiliges, want die wat Hom vrees, het geen gebrek nie. ¹⁰ Die jong leeus ly armoede en het honger; maar die wat die HERE soek, het geen gebrek aan enigiets nie.

d) **Reinheid**

Psalm 19:9

⁹ Die vrees van die HERE is rein: dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van die HERE is waarheid—tesame is hulle regverdig.

Spreuke 16:6

⁶ Deur liefde en trou word die skuld versoen, en deur die vrees van die HERE wyk 'n mens af van die kwaad.

e) **Gehoorsaamheid**

Prediker 12:13

¹³ Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense.

Sien sonder oë, hoor sonder ore

Jesaja 11:1-3

¹ Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; 2 en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE. ³ En Hy het 'n welgevalle aan die vrees van die HERE; en Hy sal nie regspraak na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie;